

# JEUGDIG IN STREPE

## STREEPPAK

**BENODIGDHEDE:** Baadjie: Pingouin Nr. 5, 250-g-keëls of 50-g-bolle, 300 g blou, 2 bolle elk wit, geel en rooi. Een paar elk breinaalde van 2,50 mm en 3 mm. Bostuk: 2 bolle blou, 1 geel, 1 pienk en 1 rooi.

**MATE:** Om borsmaat van 81(86) cm te pas; baadjie: synaat 32 cm; bostuk: synaat 31 cm. Raadpleeg diagram vir verdere besonderhede.

**SPANNING:** 28 ste en 38 rye oor koussteek is 10 x 10 cm.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; alt - aternatiewe; st(e) - steek(steke); pat - patroon; herh - herhaal; vlg - volgende; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; weersk - weerskante; beg - begin; rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs).

**Streep patroon:** Deurgaans koussteek: herhaal 2 rye rooi (R), 4 rye wit (W); 6 rye geel (G), 2 rye rooi, 4 rye wit, 8 rye blou(B).

## GESPIKKELDE BOSTUK

**AGTERPANT:** Met 2,50-mm-breinaalde en blou, stel 118 ste op en brei 3 cm rif. Slaan oor na 3-mm-breinaalde en brei voort in spikkelpatroon:

**1e ry:** (2 R, 1 B) 39 keer, eindig met 1 R.

**2e en 3e ry:** (1 G, 1 B) tot einde, laaste st van albei rye is 1 G.

**4e ry:** (1 B, 2 R) 39 keer, eindig met 1 B.

**5e en 6e ry:** Soos 2e en 3e ry.

Herh dié 6 rye tot werk 28 cm lank is vanaf begin.

Slaan oor na rif en slegs B.

Brei voort tot werk 31 cm lank is vanaf beg en heg af.

**VOORPANT:** Soos agterpant.

**SKOUERBANDJIES:** Vleg 2 vlegsels van 3 x 6 drade garing in gekose kleure, elke vlegsel ongeveer 38 cm lank.

**AFWERKING:** Stoom liggies onder klam lap. Werk synate toe. Werk skouerbandjies in posisie vas.

## BAADJIE

**AGTERPANT:** Die agterpant word vanaf die synaat gebrei.

Met 3-mm-breinaalde en R, stel 90 ste op en brei 12 rye streep-pat.

## STREEPPAK



# OF EFFE KLEUR



APPELKOOS TRUI

**Mousgatvorming:** Vermeer 60 ste aan regterkant van werk.  
Brei 46 rye reguit; die regtersyrand word die skouer.

**Halsvorming:** Heg 4 ste af aan „skouer“-syrand; brei reguit voort in streep-pat tot 2e blou streep — die middel van agterpant.

Brei nog reguit voort, maar in omgekeerde streepvolgorde vanaf blou streep, al die vormings ook omgekeerd.

**LINKERVOORPANT:** Met R en 3-mm-breinaalde, stel 90 ste op en brei soos agterpant tot halsvorming.

**Voorpantvorming:** Heg een keer 12 ste af aan skouerrand; heg daarna 6 keer 8 ste af aan dieselfde kant, in elke alt ry. Brei 2 rye reguit en heg al die ste in vlg ry af.

**REGTERVOORPANT:** Soos linkervoorpant, al die vormings omgekeerd.

**MOUE:** Die moue word ook van mounaat tot mounaat gebrei, begin dus met 3-mm-breinaalde en R, stel 28 ste op.

Brei voort in streep-pat, vermeer 6 keer 14 ste aan regterkant van werk (dit word die moukop) in elke alt ry.

Brei reguit voort tot die 74e (blou) ry voltooi is — die middel van mou.

Voltooi mou in omgekeerde kleurvolgorde en met omgekeerde vorming.

**AFWERKING:** Stoom afsonderlike pante onder 'n klam lap.

**Voorpant- en helfte van halsstrook (brei 2):** Met blou en 2,50-mm-breinaalde tel 170 ste op oor voorpantrand en helfte van halsrand van agterpant. Brei 3 cm rif en heg af in rif.

**Mouboordjie:** Met B en 2,50-mm-breinaalde, tel ste op uit onderste rand (syrand van werk) van mou en brei 4 cm rif. Heg af in rif.

Werk sy- en mounate toe. Werk voorpant-stroke in middel van halsrand van agterpant aanmekaar.

**DIAGRAM VIR  
STREEPPAK OP  
BLADSY 55**

**APPELKOOS TRUI**

**BENODIGDHEDE:** Pingouin Nr. 5 (250-g-keëls of 50-g-bolle) 250(300) g; een paar elk breinaalde van 2 mm en 2,50 mm. Hekelpen van 2,50 mm.

**MATE:** Om borsmaat van 86(91) cm te pas; synaat 39 cm; lengte vanaf skouer 58(59) cm. Raadpleeg ook diagram.

BLAAI OM

## JEUGDIG IN STREPE OF EFFE KLEUR

VAN BLADSY 53

SPANNING: 32 ste en 42 rye (oor omgekeerde koussteek) = 10 x 10 cm.

**AFKORTINGS:** Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs deurgaans); herh - herhaal; oks - omgekeerde koussteek; vlg - volgende; pat - patroon; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; beg - begin, Hekel: kb - kortbeen.

**AGTERPANT:** Met 2-mm-breinaalde stel 153(161) ste op.

Brei 11 cm rif.

Slaan oor na 2,50-mm-breinaalde, brei voort soos volg: aw 2, rif 149(151) ste, aw 2.

Brei in elke alt ry nog 2 aw-ste aan weersk vanaf syrande (verminder dus telkens 2 rif-steke in middel) tot hele ry aw gebrei word.

Brei dan voort met slegs oks tot werk 35 cm lank is vanaf begin

**Vlg ry:** aw 76(80), r 1, aw 76(80).

**Vlg ry:** brei die ste soos hulle voorkom.

**Vlg ry:** aw 74(78) r 1, aw 1, r 1, aw 1, r 1 — dus 5 ste rif — aw 74(78).

Brei so voort met telkens 2 ekstra rif-ste aan weersk van rif-paneel tot werk 39 cm lank is.


**Mousgatvorming:** Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Heg 2 ste af aan beg van vlg 4 rye — 139(147) ste.

Brei voort tot werk 58(59) cm lank is, en heg al die ste in een ry af.

**VOORPANT:** Soos agterpant.

**AFWERKING:** Werk sy- en skouernate toe. Hekel 2 rye kb rondom mousgate. ●



# Sylvasun. As dit jou by Sandybaai beskerm,

